

Hierdie uitgawe van *TNA* bevat 'n aantal artikels gebaseer op referate wat in Julie 2024 by die uiters suksesvolle SAVN-kongres in Windhoek gelewer is. Die kongres is in samewerking met die Universiteit van Namibië aangebied. Die referate het 'n wye reeks temas gedek (sien ook die SAVN-voorsitter Alwyn Roux se uiteensetting in die voorwoord van hierdie uitgawe) en die seleksie wat in hierdie uitgawe van *TNA* aangebied word, verskaf 'n goeie oorsig van die verskeidenheid van onderwerpe bespreek by die kongres.

Die eerste artikel is gewortel in die veld van musiekhistoriografie – 'n ongewone (maar hoogs relevante) bydrae wat die ondersoeksterrein van *TNA* betref. **Mieke Struwig** ondersoek die figuur van die Nederlander Jan Bouws en die rol wat hy in (Suid)-Afrikaanse musiekhistoriografie gespeel het.

In **Ilse de Korte en Andrew Sutton** se bydrae kyk hulle vernaamlik na vier Afrikaanse en Nederlandse tekste waarin die verwerking van trauma sentraal staan in 'n poging om te bepaal hoe die verskillende literêre response op lyding daaruit sien.

Tycho Maas verskaf 'n uiteensetting van 'n virtuele internasionale samewerking tussen Universiteit Utrecht en Noordwes-Universiteit waarin Kaapse tekste uit die sewentiende en agtiende eeu met voorgraadse studente behandel is.

Hierna verskyn 'n artikel van **Mathilda Smit** oor rap as 'n transnasionale podium-fenomeen. Sy kyk na Jack Parow en De Kraaien as gevallestudies om die wisselwerking tussen Suid-Afrika en die Lae Lande, soos in hierdie genre vergestalt, te verken.

Die artikel deur **Adri Breed, Timothy Coleman, Anneke Butler, Monique Rabé, Suléne Pilon, Lande Botha, Maristi Partridge, Roald Eiselen en Gerhard B. van Huyssteen** bied 'n taalkundige bydrae. Die outeurs vergelyk konstruksievariasie in Afrikaanse en Nederlandse deelsgenitiefkonstruksies en onderskei wat laasgenoemde betref ook tussen die Nederlands wat in Nederland self en België gepraat word.

'n Essay van **Joris Geelen** word ingesluit waarin hy nog 'n internasionale digitale samewerking tussen 'n Suid-Afrikaanse en Nederlandse tersiêre instansie uiteensit – dié keer met die poësie as fokus.

Laastens sluit ons twee resensies in: **Carla Lindt** resenseer Alfred Schaffer se vertaling van Ronelda Kamfer se *Kompoun* (vertaal in Nederlands as *Compoun*) en **Dewald Koen** resenseer Ena Jansen se vertaling van Multatuli se beroemde *Max Havelaar* in Afrikaans.

Alle dank aan Anzette Williams met die uitleg, Marius Swart met die seleksie van keurders ('n toenemend moeilike taak namate die kundiges op die gebied van veral Nederlands in Suid-Afrika afneem) en Christa van Zyl vir uitleg. As simbool vir die uitsonderlike kongres in Namibië het ons 'n foto van die bedreigde welwitschia, inheems aan Namibië, op die voorblad geplaas.

Ons dra hierdie uitgawe graag op aan Kobie de Kamper wat die SAVN se jarelange penningmeesterassistent was en nog die kongres in Windhoek bygewoon het voor sy skielik oorlede is.

Universiteit van Wes-Kaapland